| | |
|---|---|
| VAK EN GRAAD | AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 10 |
| KW 4 | WEEK 4 |
| ONDERWERP | Hersiening: Visuele Tekste |
| DOEL VAN DIE LES | • Die doel van hierdie les is om die die basiese beginsels van visuele tekste te hersien.<br>• Jy moet die strokiesprent en advertensie kan ontleed en kerngedagtes daaroor uitwys. |
| BRONNE | **Papierbron:** Doen hersiening deur die afdeling oor visuele tekste/advertensies/ strokiesprente in jou handboek weer te bestudeer.<br>**Digitale bronne:** Gaan kyk weer na die lesse deur die WKOD gestuur tydens die grendeltydperk:<br>https://wcedeportal.co.za/eresource/160456<br>https://wcedeportal.co.za/eresource/131996 |
| INLEIDING | In hierdie les gaan jy ekstra voorbeelde ontleed en vrae oor die strokiesprent en advertensie beantwoord. Dit is 'n hersieningsles en moet as aanvulling gedoen word om leermateriaal te oefen. |
| INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE) | **Die aspekte is volledig verduidelik in die lesse wat reeds gestuur is, maar hier is 'n verkorte opsomming:**<br><br>**Advertensie:**<br>• *Wat word geadverteer?* Produk/diens/byeenkoms<br>• Wie is die *teikengroep*?<br>• Tegnieke wat gebruik word om **aandag te trek:**<br>- letters: vetgedrukte letters/hoofletters/lettertipes/lettergroottes<br>- leestekens: uitroepteken/vraagteken/beletselteken<br>- uitleg: interessante lyne/boksies/agtergrondkleur<br>- prente: foto's/prente van produk/mense<br>• Tegnieke wat gebruik word om leser te ***oorreed/manipuleer*:**<br>- Taalgebruik: "Beste", "top", "ekslusief", "spesiaal" "slegs/net"<br>- Retoriese vrae: Wil jy…? Sukkel jy…?<br>- Woordspeling, herhaling, nuutskeppings, slagspreuke.<br>- Foto van bekende persoon: "As ____ dit gebruik, moet dit goed wees." |

| | |
|---|---|
| | **Strokiesprent:**<br>• Lyftaal: hand op heup, gekruisde arms, skouers wat hang, hand voor mond, ens.<br>• Gesigsuitdrukkings: frons, glimlag, groot oë, wenkbroue gelig, oop mond, ens.<br>• Letters: vetgedrukte letters, hoofletters, lettertipes en –groottes.<br>• Spraakborrels, dinkborrels<br>• Leestekens: beletselteken, uitroepteken, aandagstreep, vraagtekens.<br>• Ander simbole:<br>- *#%$ dui vloekwoorde aan.<br>- strepies dui beweging aan.<br>- Stofwolkies dui vinnige beweging/spoed aan.<br>- sweetdruppels dui stress, hitte of uitputting aan.<br>• Taalgebruik: stereotipering, manipulerende taal, ironie, gevoelstaal.<br>• Ekstra woordeskat: geskok (*shocked*), verras (*surprised*), slordig (*not neat*), netjies (*neat*), deurmekaar (*messy*), lui (*lazy*), bril (*glasses*), verveeld (*bored*), woedend (*furious*), gelukkig (*happy*), koerant (*newspaper*) |
| (AKTIWITEITE / ASSESSERING) | **1. Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae in jou werkboek. Jy moet eers die vrae self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg.**<br><br> |

1.1. Wat word in hierdie advertensie geadverteer?

1.2. Wie is die teikenmark van die advertensie?

1.3. Noem enige twee voordele wat hierdie diens jou bied.

1.4. Hoe manipuleer die adverteerder jou as leser?

1.5. Dink jy die prente is gepas vir hierdie advertensie?

1.6. Watter tegniek gebruik die adverteerder om die leser se aandag te trek?

1.7. Waarheen kan die leser gaan om meer inligting te kry?

1.8. Sal jy van Die Wolkskool se dienste gebruik maak? Gee 'n rede vir jou antwoord.

**2. Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae in jou werkboek. Jy moet eers die vrae self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg.**




2.1. Waar speel die gebeure in die strokiesprent af?

2.2. Hoe word die woord "RELA-A-AX" beklemtoon?

2.3. Kies slegs die korrekte woord tussen hakies.
Die seun is baie (hardwerkend/lui) wanneer dit by skoolwerk kom.

2.4. Hoe kan ons aflei dat die seun slordig is?

2.5. Gee die Afrikaanse woord vir "Relax".

2.6. Waar het die seun die idee gekry om te appelleer?

2.7. Wat lei ons uit die ma se lyftaal af?

| | |
|---|---|
| MEMORANDUM | 1.1. Die Wolkskool/Ekstra Wiskunde en Wetenskaplesse.<br>1.2. Leerders wat met Wiskunde/Wetenskappe sukkel of Leerders wat hulle punte in Wiskunte/Wetenskappe wil verbeter.<br>1.3. Jy kan in Afrikaans leer. Jy leer by die beste vakkenners. Dit is aanlyn. Daar is videolesse, werkkaarte en meer. (*Enige 2*)<br>1.4. Die gebruik van retoriese vrae. Die advertensie praat direk met die leser "jy", die gebruik van woorde soos "beste", "ervare", "net"<br>1.5. Ja, dit is alles illustrasies van skoolgoed en dit kom uit 'n rekenaar. Die lesse is aanlyn en dus is die rekenaar gepas.<br>1.6. Prente, Hoofletters, Lettertipe, Vraagteken, Uitstaan boksie.<br>1.7. Die internet/wolkskool.co.za/skole.co.za<br>1.8. Ja, ek sukkel met Wiskunde en Wetenskap en dit kan my help/ek hou daarvan om aanlynhulp te kry.<br>Nee, ek hoef nie my punte te verbeter nie, ek het nie geld nie, ek het nie internet om aanlynlesse te doen nie.<br><br>2.1. In die sitkamer/by die huis/in die tv-kamer.<br>2.2. Die A word herhaal om dit uit te rek. Daar is 3 A's<br>2.3. lui<br>2.4. Sy hemp hang uit. Sy hare is deurmekaar. Sy klere lyk nie netjies nie. (*Enige een*)<br>2.5. Ontspan<br>2.6. In die koerant/Al die land se leiers appelleer.<br>2.7. Die ma lyk geskok/verras/verbaas. Sy kan dit nie glo nie. |
| WAARDES | Toewyding en deeglike lees |